


Leefkuns



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Verant- woordelikheid

Genesis 3:1-21

Mense wil dikwels nie hulle verantwoordelikheid aanvaar nie. Hulle pak liever die skuld op enigiemand of enigiets anders. Net solank hulle nie self hoof pa (of ma) te staan vir hulle optrede nie. Surprise! Jy kan nie wegkruip wanneer dit oor jou gaan nie. Vir jouself moet jy 100 persent verantwoordelikheid aanvaar.

In die verhaal van Adam en Eva in Genesis 3:1-21 probeer Adam die skuld op Eva pak. En Eva tree weer die slang aan. Hulle was net nie bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle dade nie. En was die gevolge nie ramspoedig vir hulle nie! Hulle paradys van 'n blyplek word verbode terrein.

So is dit: Die gevolge van onverantwoordelik leef is dikwels ramspoedig. Die "blaming game" is vandag soms nog net so springlewendig soos destyds. Maar "blaming" bring jou nêrens. Aanvaar verantwoordelikheid.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Wat kan jy baat, sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?

Definisie:

'n verpligting wat jy het om 'n taak af te handel, veral as jy in beheer van iets is.

Alternatiewe definisie:

'n plig om in beheer te wees of na iets of iemand te kyk, sodat jy kan besluite neem en geprys kan word as jy jou taak goed doen, of geblameer kan word as iets slegs gebeur. (Bybel 24/7)



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Leefkuns

Verantwoordelikheid

Lees vers 1. Wat is die twee subtiele "tricks" wat Satan gebruik?

Lees verse 2-5. Wat is verkeerd met die antwoord van Eva? Wat sou 'n beter antwoord gewees het? Hoe sou jy Satan se reaksie beskryf? Waarom dink jy kom Satan weg met hierdie leuen?

Lees verse 6-7. Hoe was Satan uiteindelik suksesvol? Wat het hy Eva laat doen wat tot sonde gelei het? Hoe het Satan daarin geslaag om na Adam deur te kom? Wat wys dit vir ons?

Wat is selfs meer skokkend oor Adam se reaksie as die van Eva? Wat is die tipiese reaksie op sonde?

Lees verse 8-13. Wat blyk verkeerd te wees met BEIDE van hulle antwoorde aan God oor wat gebeur het? Wat is die subtiele regverdiging wat Adam spesifiek maak in sy antwoord in v12?

Lees verse 14-19. Hoe sou jy die resultate van elke persoon se keuse opsom? -Satan (v.14-15) -Eva (v.16) -Adam (v.17-19)

As Eva eerste gesondig het, waarom word Adam dan die verantwoordelikste gehou? Wat is die oorweldigende demonstrasie van God se genade wat in hierdie verse geopenbaar word?



Quellerina Gemeente